

## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees



31 Mei **Leentjie van Jaarsveld**, Deo Volente 31, ☎ 082 509 8040. Wyk 10.

2 Junie **Lourens du Plessis**, Saddle Brooke 33. ☎ 082 335 2283

3 Junie **Magriet du Plessis**, Steenboklaan 16, ☎ 076 151 4517. Wyk 20  
**Schalk Engelbrecht**, Plot 61. Wyk 6.

**Jan-Charl Venter**, Meulstraat 4, ☎ 082 650 4058. Wyk 6

5 Junie **Cornelia Chambers**, Vegkoppiestraat 13, ☎ 082 780 4148. Wyk 19  
**Harry Cilliers**, Mareestraat 70, ☎ 072 430 6975. Wyk 6

**Antonie Jansen** (082 347 2457) het die afgelope week ook verjaar. Ongelukkig is sy inligting nog nie op die verjaardaglys opdateer nie. Ons vra daarvoor om verskoning en wens hom nogtans 'n baie geseënde nuwe lewensjaar toe.

## VAN ONS DIAKONIE

Die spesiale kollekte in Mei 2021 gaan vir:

Sondag	2 Mei	Emeritaatsfonds
Sondag	9 Mei	Teologiese Studentekas
Sondag	16 Mei	Emeritaatsversorging
Sondag	23 Mei	Deputate Jeugsorg
Sondag	30 Mei	<b>Emeritaatsversorging</b>

### Kerklike bydrae en kollekte se inbetalings in die onderskeie rekeninge


Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydrae vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollekte** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydrae sodat dit korrek toegewys kan word. **Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**. 680 340 137 (ABSA)

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 37, nr 19 Sondag 30 Mei 2021

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422

[rudynell@telkomsa.net](mailto:rudy@telkomsa.net)

Eredienste: 09:30 en 18:00

Prediker: Ds Jannes van Dyk 072 224 7181

Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 Hulprediker: Prof Callie Coetzee 082 337 7951

Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe 079 872 2516 Koster Pieter Bouwsema 082 923 1384

E-posadres: [kantoor@gkpotchefstroom.co.za](mailto:kantoor@gkpotchefstroom.co.za) Web: [www.gkpotchefstroom.co.za](http://www.gkpotchefstroom.co.za)

**Diensbeurte by eredienste en kategese:** Ouderling van wyk 5 **Nelis Coetsee** en wyk 6 **Faans Steyn**.

Diakens: Wyk 5 Banie Nortjé en wyk 6 vakant.

**EREDIENSTE** Beide eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**OGGEND: Erediens 09:30**

**Luister na die Woord van die Here:** 1 Samuel 3 (AFR'20).

**Fokusvers:** 1 Samuel 3:10 (1, 7, 19-20).

**Tema:** Die HERE bewerk lewe uit die dood deur Homself te openbaar.

**Sing:** Psalm 148:1, 4, 5; Psalm 119:7, 48, 53; Skrifberyming 22:6, 7, 8 (Tema 11-1); Skrifberyming 18:1, 2, 3, 4 (Tema 17-2).

**AAND: Erediens 18:00**

**Luister na die Woord van die Here:** Markus 2:23-3:6 (AFR'20).

**Fokusverse:** Markus 2:27-18; 3:4.

**Belydenis:** Heidelbergse Kategismus, Sondag 38.

**Sing:** Psalm 84:1, 2, 3, 6; Skrifberyming 26: 6 (Tema 9-1); Psalm 63:1, 2, 3.

**Kollekte vanoggend:** *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir **Emeritaatsversorging** in die rooi sakkies.

**Vanaand:** *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf ([www.gkpotchefstroom.co.za](http://www.gkpotchefstroom.co.za)). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Die kerkkantoor is weer terug in die konsistorie. Malie Wyma is Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 8:00 tot 13:00 op kantoor.

## LIEF EN LEED



**Magda Viljoen** 061 908 0631 ontvang weer Donderdag behandeling. Sy ervaar gewoonlik ongemaklike nuwe effekte en ons bid haar die ryke genade van ons hemelse Vader toe. Die gesin Viljoen betuig ook hulle groot dank en waardering vir al die gebede, meelewing en besoeke wat hulle in hierdie tyd ontvang.

Een van die dogters van **Sonja en Tinus Venter** en haar man het positief getoets vir die virus. Ons dra hulle almal aan die genade van ons troue Verbondsgod op en bid vir spoedige herstel.

Ons is saam met **ds. Harry en Rita Cilliers** 083 453 9226 dankbaar dat hy die afgelope week ontslaan kon word ná sy operasie. Hy sterk nou tuis aan. Ons bid ds. Harry volkome herstel en goeie lewenskwaliteit toe.



Ons doen voorbedding vir **Bennie en Wymie du Plessis** 083 575 5786. Bennie is die afgelope week weer in Mooimed opgeneem en het ook ná 'n besoek aan die teater suurstof ontvang. Mag die Here u in sy troue liefde versterk.



Intussen het ons verneem dat Bennie weer tuis is.

**Susan Nortjé** 079 781 0499 het die afgelope week weer 'n ondersoek deur 'n nefroloog ondergaan. Verskeie toetse is gedoen en sy is ook na 'n reumatoloog verwys. Daarby moet Koos DV op 9 Junie 'n knieervanging ondergaan. Ons verseker Koos en Susan van ons voorbedding vir hulle.



**Hannelie Bartlett** 064 463 5582 moet ook in die afsienbare toekoms 'n opvolgondersoek ondergaan nádat sy 'n paar weke gelede 'n prosedure ondergaan het. Ons doen graag ook vir haar voorbedding.

**Japie van Jaarsveld** 072 521 9813 gaan in die komende week vir die tweedelaaste van die reeks chemoterapiebehandelings wat hy twee-weekliks moet ontvang. Ook vir hom en Christa doen ons voorbedding.



## DAGBOEK

### Katkisasie lesrooster

	Sondag 30 Mei 2021	Sondag 6 Junie 2021
Lesrooster:	Les 9	Les 10
Psalmvers:	Psalm 16:5A	Psalm 16:5
Katkisasie toesig:	Ouderling Wyk 5 Graad 0 Ouderling Wyk 6 : Graad 1, 2	Ouderling Wyk 7: Graad 3, 4 Ouderling Wyk 8: Graad 5, 6
Woensdag 2 Junie 14:30	2021 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 11 & 12
Woensdag 2 Junie 15:30	Hoërskoolkatkisasie	Les 7
Donderdag 3 Junie 15:00	2020 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 43 - 44

## AFKONDIGINGS

### BYBELSTUDIES:

Di	1/06	15:00	Huis Eikelaan	Prof. Callie Coetzee
	1/06	18:30	Jeugkamer	Vraag en antwoord
Do	3/06	09:30	Kerkkantoor/ kerksaal	Sonde teen die Heilige Gees
		18:30	Virtueel	Kontak prof. Paul Krüger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267

Die Bybelstudie by Huis Eikelaan, Dinsdag 15:00, in die grootsaal. Telkommissie 1 vergadering Dinsdagoggend om 09:00 in die kerkkantoor.

### Losmaking en Attestate

Losmaking as diaken en die attestaat van **Naldo Kent** word afgegee na die Gereformeerde Kerk Centurion. Ons wens hom sterkte toe in sy nuwe omgewing.

Carma van Niekerk lidmaat van ons gemeente tree Saterdag 5 Junie 2021 by die Mini Potch Carnaval op. Sy tree saam met Demi-Lee Moore op. Vir meer besonderhede kan u haar kontak by 073 457 5323 of op Facebook



## VIERING VAN DIE SAKRAMENT VAN DIE NAGMAAL

Broers en susters

### Inleidend

Die ouderlinge het Sondagaand (23 Mei) ná die erediens vergader. Tydens hierdie vergadering is daar besluit dat die gemeente op Sondag 20 Junie die sakrament van die Nagmaal sal vier. Indien daar vanweë die derde vlaag van die pandemie 'n beperking op getalle sou wees, sal daar twee eredienste die oggend wees waartydens die sakrament van die Nagmaal gevier sal word. Indien nodig, sal verdere reëlings getref word sodat elke lidmaat tot versterking van die geloof die Nagmaal kan vier.

Die volgende sake was rigtinggewend in die ouderlinge se besluit:

- 1- Die viering van die Nagmaal is 'n opdrag van die Here Jesus.
- 2- Ons moet die lewe van ons naaste sover moontlik beskerm (sesde gebod) en daarom ook (vyfde gebod) die bepalings en regulasies van die owerheid ten einde verspreiding van die Koronavirus te bekamp, gehoorsaam.
- 3- Die Nagmaal moet so ver moontlik gevier word soos in art. 29 van die NGB bely word en in lyn met die ordelike reëling van art. 62 van die Kerkorde.
- 4- Die belangrikheid van tafelgemeenskap en die fokus op die beker is beklemtoon.

Verder is die besluit geneem met die bede dat dit bo alles God tot eer mag wees, dat die sakrament van die Nagmaal nog steeds suiwer bedien sal word in buitengewone omstandighede, en dat dit tot versterking van die geloof en opbou van die gemeente sal wees.

### Praktiese viering van die Nagmaal

Die gemeente vier die sakrament van die Nagmaal eers sittende en en daarna gaande.

#### *Sittende viering*

Daar word dus eers aan lidmate wat sittende aan tafel die Nagmaal wil gebruik geleentheid daartoe gegee.

Lidmate wat aan die tafel wil aansit, tree toe soos die gebruik in die gemeente is (middelblok voor, vleuels – voor, middelblok agter, vleuels – agter). Almal (ongegag waar u in die kerkgebou sit) wat tot die tafel toetree beweeg via die binnekantste paadjies na middelpaadjie en vandaar na die kantpaadjie onder die orrelgalery. Voor die orrel se speeltafel sal 'n diaken die tien lidmate wat aan die tafel wil aansit, se hande saniteer. Ter wille van die handhawing

van gesonde afstand sal daar slegs tien lidmate per sitting aan die tafel kan aansit.

Die sitplekke word gepak aan die kant van die tafel waar lidmate na die gemeente kyk. Die bedienaar(s) sal aan die ander kant van die tafel (met die rug na die gemeente) verbybeweeg terwyl hulle die bediening waarneem. Die brood sal met 'n tangetjie deur die bedienaar in die hande van lidmate geplaas word (vgl. HK, Sondag 28, V&A 75) nádat die uitdeelformule uitgespreek is.

Met die skinkbeker omhoog word die formule vir die uitdeel van die wyn uitgespreek. Die wyn word dan in onge vulde drinkbekers wat vooraf by die sitplekke geplaas sal word, geskink. Huisgenote kan uit dieselfde beker drink en moet net die bedienaar 'n aanduiding daarvan gee.

Lidmate wat gewoonlik in die banke bedien word, sal met die eerste tafel deur 'n ouderling en / of diaken bedien word wat voor die bediening hulle hande sal saniteer. Brood sal in 'n piering aan lidmate gebied word en individule drinkbekers sal ook beskikbaar wees. Die bedienaar vul die drinkbekers nádat die bekere aan tafel gevul is.

'n Skrifdeel sal gelees word en twee Psalmverse sal gesing word waartydens die tafelgenote met die tweede vers na hulle banke terugbeweeg: lidmate staan van die tafel af op, beweeg verby die diakensbanke aan die linkerkant van die preekstoel na die kantpaadjie waar 'n diaken hulle hande sal saniteer. Met die kantpaadjie (Maurylaankant) beweeg lidmate via die middelpaadjie na hulle onderskeie sitplekke.

Die viering aan tafel sal herhaal vir soveel kere as wat daar lidmate is wat aan die tafel die Nagmaal wil gebruik.

#### *Gaande viering*

(Die wyse om die Nagmaal gaande te vier is in die tyd van die kerkhervorming deur onder andere Johannes Calvyn gebruik).

Wanneer daar nie meer lidmate is wat aan tafel die Nagmaal wil gebruik nie, sal die Woordbedienaar afkondig: “Ons gaan nou daartoe oor om die Nagmaal gaande te vier.” Die Woordbedienars beweeg nou óm die tafel om met die bediening ná die gemeente te kyk en lidmate sal vóór die tafels verbybeweeg. Die uitnodiging en opskerping om toe te tree tot die tafel word weer voorgehou.

Die uitdeelformule vir die brood sowel as die wyn word voorgehou. Die wyn word uit dieselfde skinkbeker wat met die viering aan tafel

gebruik is, bedien. Uit dieselfde skinkbeker moet deur die hele gemeente gedrink word en die *vloei* van die wyn moet sigbaar wees.

Lidmate tree vanuit die banke toe soos wat die lidmate wat aan tafel gesit het, toegetree het (met die handhawing van gesonde afstand). 'n Ouderling sal in elke blok lidmate ry vir ry laat toetree: met die binnekantste paadjies beweeg lidmate na die middelpaadje en dan na die paadje onder die orrelgalery.

By die speeltafel sal 'n diaken elke lidmaat wat toetree, se hande saniteer.

Lidmate ontvang dan brood van 'n bedienaar (bedien met 'n tangetjie). Hulle beweeg dan na die ander punt van die tafel om daar die wyn te ontvang. Lidmate word versoek om sover moontlik en ter wille daarvan om die onderlinge eenheid verder te beklemtoon, wynglase van vlekvrystaal met 'n voetskuk te bekom en met hulle toetrede saam te bring. Hiërdie wynglase is in die handel by groot kettingwinkels en ook buiteligwinkels beskikbaar. Indien u dit nie kan bekom nie, sal 'n wynglas van glas met 'n voetstuk ook dienlik wees. Uit die een skinkbeker ontvang lidmate die wyn en drink dit (huisgenote kan weereens uit een beker/wynglas drink). 'n Kom sal beskikbaar wees om oortollige wyn in te gooi.

Nádat die wyn gedrink is, beweeg lidmate voor die diakensbanke verby na die buitekantste paadje (Maurylaan kant). Hande word saniteer en lidmate keer terug na hulle sitplekke.

### Ten slotte

Bogenoemde kan baie oorweldigend wees met die eerste lees hiervan. U is welkom om my te skakel sodat ons dit rustig kan bespreek.

Mag die Here in die rykdom van sy goedheid gee dat die viering van die Nagmaal D.V. op 20 Junie tot eer van sy Naam sal wees, tot versterking van ons geloof en tot die opbou van sy gemeente.

- Ds. Jannes.

## UIT KERKVERBAND

### Beroepe aanvaar

- **Ds N Kim** (Noah) van GK Rustenburg na GK Cachet (met finansiële ondersteuning van gemeentes in Suid Korea) met evangelisasie opdrag vir die Engelssprekende studente op Die Bult en die kampus.

### Beroepe bedank

- **Ds HV Venter** (Henning) van GK Windhoek na GK Boksborg

## Omgewingspitkos

Die kort woordjie 'lig' wat dwarsdeur die Bybel voorkom weerspieël besondere betekenis hier op aarde. Dit skei dag en nag van mekaar en dien as teken om seisoene, dae en jare aan te dui (Gen 1:14). Sonlig is suiwer energie vanuit ons naaste ster waarmee God lewe op aarde onderhou. Daarom dat die mens sedert die outyd (Eseg 8:16-17) die 'ligte' aanbid. Daarom is die welstand van die aarde se atmosfeer (besoedeling) so van kritieke belang sodat ons nie ons leefwyse hier in dae van duisternis (Joël 2:2) sal slyt nie. Ons is kinders van God, want Hy is lig (1 Joh 1:5-7). Slegs by die eindtyd van die aarde word ons afhanklikheid van helder ligbronne verander.

## HAMBURGERBRAAI



Die gemeente-aand en  
hamburgerbraai

VRYDAGAANDE



Afgelope Vrydagaand het die diakens van ons gemeente die laaste hamburgeraand van die kwartaal aangebied. Dit was soos altyd 'n gesellige geleentheid en die lidmate wat teenwoordig was het dit baie geniet. En . . . baie belangrik – die hamburgers was soos altyd heerlik!! Mari Badenhorst het weer 'n aantal pannekoeke gebak wat ook soos *soetkoek* verkoop het. Dankie Mari.

Ons bedank Bernie Nortjé en ons koster Pieter Bouwsema vir hul hardewerk met die braaiery asook 'n aantal van ons susters wat gesorg het dat al die bestellings betyds klaar was.

'n Spesiale woord van dank aan Gerhard Turkstra vir die gereelde skenking van die heerlike kraakvars broodjies.

En dan ook baie dankie aan almal wat die diakonie so getrou ondersteun.

Ons groet DV tot einde Augustus en dan hoop ons dat meer van ons gemeente-lede sal kom om saam met ons te kom kuier.

Hartlike groete, namens die diakonie, Rudy van der Spoel.